## DIE REBELLIE. HERINNERINGE VAN P. G. W. ROETS

Op sewentienjarige ouderdom in 1912, het my moeder my vanaf ons plaas Uitschot, in die distrik Lichtenburg, na my oupa, Jan Hijstek, op Rustenburg gestuur om my, volgens die nuwe Verdedigingswet van 1912, onder sy toesig as burger te laat registreer. Omdat my vader in die Anglo-Boere-Oorlog gesneuwel het, moes ek my onder die voorwaarde laat registreer dat ek nooit verplig sal word om 'n Britse militêre uniform aan te trek nie.

Na die doodskiet van genl. Koos de la Rey op 15 September 1914 in Johannesburg, het die gemoedere van die bevolking onstuimig geword, veral in Lichtenburg. *Elandsfontein,* die plaas van die Generaal, is net buite Lichtenburg geleë. Hy is egter in die dorpskerkhof deur gewapende burgers begrawe, wat van oral af in groot opgewondenheid en spanning opgetrek het. Daar was reeds 'n breuk tussen genls. Botha en Hertzog. Genl. Kemp het die militêre kamp op Potchefstroom ontbind, terwyl genl. Manie Maritz en sy manskappe Upington beset het.

Onder bevel van kmdt. Hendrik Vermaas, is 'n offisiersvergadering vir die omgewing van Vermaas[1] in die waenhuis van Jan Theron op Rietspruit, op 13 Oktober 1914 deur die regering byeengeroep. Elke asst.-veldk. is aangesê om, in verhouding met sy getalsterkte, van twee tot vyf man vir die regeringsmagte te kommandeer. Op Rietspruit het die keuse op my en Jim Vorster geval. Ek het destyds nog nie by die nuwe Hertzogparty aangesluit nie, wat miskien die rede verklaar waarom die offisiere my as 'n „Het Volkspartyman" aangesien het.[2] Kmdt. Vermaas het egter beswaar gemaak om Jim te laat gaan, aangesien hy stoorman van die graankoöperasie was. Gert Coetzer is toe in sy plek gekies. Ek was toe 20 jaar oud.

Om vieruur die middag is ek deur asst.-veldk. C. E. G. Schutte op die plaas gekommandeer en op die môre van 15 Oktober, het ons per trein vanaf Vermaas na Lichtenburg, onder bevel van luit. Stoffel Mouton, hoofveldk. Bêrend van der Berg en kmdt. Andries Visser van Barberspan, vertrek. Gert en ek het elkeen 'n perd ontvang; beide perde is op Vermaasstasie van die winkelier Gestel ('n Duitse Jood) gekommandeer.

Op 14 Oktober het mnr. D. S. Rossouw, van Nooitverwacht, by Oom Niklaas van Rensburg (die Siener) op Witpoortjie aangery en aan hom gevra wat hy nou sien.[3] Sy antwoord was soos volg: „Danie, ek weet nie, die ding is vir my moeilik, ek weet nog nie! Op Lichtenburg sien ek tafels gedek, en die mense is opgeruimd; en dan sien ek 'n verskriklike stof op die stasie, die stof trek na die ooste; hulle saal by die panne af, maar voor kom hulle by 'n dam, en dit maak my onrustig, daar is baie visse dood!"

1. Vermaas se naam was oorspronklik „Uitval".
2. Ons tak van „Het Volkparty" (genl. Botha se party), is op 6 Augustus 1904 op Noodshulp, Pk. Klein Hartz gestig. Die Hertzogparty is ná die historiese toespraak van genl. Hertzog op De Wildt, in 1912 gestig.
3. Siener van Rensburg se plaas was ongeveer agt myl van Ottosdal af geleë.

Toe ons met die trein op Lichtenburg aankom, het die dames vir ons 'n groot onthaal voor die ou hoërskool op die markplein gereed gehad. Toe Gert Coetzer die gedekte tafels sien, was sy opmerking: „Daar is Oom Niklaas se tafels." Daar was reeds 'n fluistering van rebellie onder ons, maar niemand kon die saak openlik bespreek nie, omdat niemand geweet het wie vir of teen die regering was nie.

Om sesuur die oggend van die 19de, het ons op parade gegaan en luit. Mouton het ons beveel om ons gewere se magasyne vol te maak. Om agtuur is ons beveel om met die trein na Potchefstroom te vertrek.

Op die stasie het kmdt. Izak Claase, wat in bevel van die skietvereniging was en self nie gekommandeer was nie, die volgende vraag voor al die burgers aan kmdt. Visser gestel: „Waar moet die gekommandeerdes heengaan? Gaan ons mense skiet? Boere of wat?"

Kmdt. Visser se antwoord hierop was: „My order is net, ek moet na Potchefstroom optrek, verder is daar geen inligting nie!"

Die spanning op die stasie was geweldig, die hele omgewing se mense was daar en die meeste mans gewapend. Die trein was nog besig om die eerste trokke met perde te rangeer, toe roep kmdt. Izak Claase ons almal tot stilte en skreeu hardop: „Die wat my lief het, volg my!"

Hy spring toe op sy perd en jaag weg in die rigting van Treurfontein (nou Coligny), terwyl 'n groot gedeelte van die mans, insluitende sommige van die gekommandeerdes, waaronder ook ek en Gert Coetzer, hom volg dat die stof so met 'n lang streep oor die vlakte staan. Weer moes ons aan die Siener se woorde dink.

Die eerste perde was egter reeds in die trokke, gevolglik kon sommige van die gekommandeerdes nie die wegjaende rebelle volg nie. Die plan was nou om die trein op Coligny voor te keer en hulle te ontset, en ook om te verhoed dat meer gekommandeerdes daar onder verpligting opgelaai word. Die trein was egter vir ons te vinnig; ons het vér agtergebly en moes die poging laat vaar.

Ons het toe by die panne afgesaal, net soos Oom Niklaas voorspel het. Daar het ons besluit dat almal huis toe sou gaan ten einde verdere gebeure af te wag. By Slypsteen se dam het ons 'n massa dooie vis aangetref, want 'n haelbui het net kort tevore daarlangs getrek met die gevolg dat die visse verkluim het. Weer eens het iemand ons aan die Siener se woorde herinner. Ons was effens verlig.

Ons wat opgekommandeer was, kon egter nie met gerustheid by die huis bly nie. Gevolglik het ons dus vir ongeveer agt dae gewapend in die veld rondgeswerf, terwyl ons die treine, paaie en plase dopgehou het om te sien of daar nie dalk regeringsoldate opdaag om ons aan te keer nie.

Intussen het ons berig ontvang dat genl. Kemp ons op Middelbult, digby Gerdaustasie[4] sou toespreek, wat dan ook gebeur het. Gedurig het daar burgers by hom aangesluit. Terwyl ons in die rigting van Coligny

4. Gerdau se oorspronklike naam was „Middelbult".

getrek het, het genl. Kemp ons georganiseer. Voor ons egter daar aangekom het, is genl. Kemp, luit. C. E. G. Schutte en 'n paar manskappe na Rustenburg om genl. Beyers op Kommissiedrif te ontmoet. In hierdie omgewing was daar alreeds 'n skermutseling waar verskeie mense gevange geneem is deur kol. Van Tonder, of, soos ons gesê het, deur „Van Tonder's Horse."

Intussen het ons spioene 'n aantal van genl. Alberts se regeringsoldate uit Standerton-Bethal, naby Coligny gevang, hulle ontwapen en hul perde gekonfiskeer, maar die manskappe weer vrygelaat. Dit het dadelik moeilikheid tot gevolg gehad. Ons kommando is geleidelik en stelselmatig deur die regeringsoldate vasgekeer; ons moes naderhand teen ons sin terugskiet om nie gevange geneem te word nie. So het die eerste geveg by Treurfontein-Katbosfontein ontstaan.

Kmdt. Izak Claase was op ons linkerflank en is in die been gewond, sodat ons onder bevel van kmdt. Fritz Wolmarans geplaas is. Kmdt. Claase was egter nie heeltemal buite aksie nie, maar nog in staat om met ons saam te trek. Ek, Org Rossouw en Gert Coetzer was op die regterflank, waar die eerste skoot deur Gert Coetzer afgevuur is. Hy het nog 'n ou wrok gekoester, omdat sy vader se arm in die Anglo-Boere-oorlog sodanig vergruis is, dat dit afgesit moes word. Koos Rootman is hier in die been gewond, en verskeie perde is onder ons doodgeskiet, sodat ons in wanorde in die rigting van Vermaasstasie en Biesiesvlei moes terugval. Henna Rossouw, seun van Oom Daantjie Rossouw, se perd het met hom geval, terwyl sy geweer om sy skouer was, sodat hy 'n ernstige rugbesering opgedoen het. Daardie nag het ek hom by Vermaasstasie oor die spoor gehelp en vir verpleging na luit. Schutte se huis geneem.

'n Dag later het genl. Kemp en luit. Schutte van Rustenburg af teruggekom en weer by ons aangesluit. Genl. Beyers het hulle vergesel. Ons is deur hulle georganiseer en het in die rigting van Ottosdal getrek. Die eerste aand het ons op Gestoptefontein (Korannafontein) geslaap.[5] Vandaar is ons na Vleeschkraal, waar die kommando gerus het. Daar het Siener van Rensburg die volgende aan my gesê: „Roetsie, ek sien net springbokke!"

Gedurende die hele rebellie was ons eintlik nes springbokke, ons moes voortdurend vlug, terwyl van oral op ons geskiet is. Met ons karige ammunisie, kon ons beswaarlik terugskiet, en uit beginsel wou ons dit nie doen nie.

By 'n ander geleentheid het Siener van Rensburg weer gesê: „Ek is 'n bietjie verbaas, ek sien dat ons met Kersfees koek met rosyntjies eet!"

Ons makkers wat reeds met Kersfees in Kimberley in die tronk was, het werklik brood met rosyntjies gekry.

'n Ander merkwaardige opmerking van Siener van Rensburg was: „Ek sien genl. Kemp en Piet Grobler in Pretoria in groot geboue, maar hulle is nie aldae te sien nie!"

5. Gestoptefontein was vroeër bekend as Korannafontein. Op die wonderklip kan die rotsgravures van die oermense vandag nog gesien word.

Ons het gedink dis die Regeringsgebou en dat die rebellie met sukses bekroon sou word. Min het ons geweet dat dit die Sentrale Gevangenis sou wees.

Op Vleeschkraal het genl. Kemp, vergesel van Siener van Rensburg, van ons weggedraai om in die rigting van Suidwes-Afrika te trek. Saam met genl. Beyers, is ons in die rigting van Vaalrivier, suid van Wolmaransstad. My indruk van genl. Beyers was dat hy 'n gebroke man was oor die skeuring in sy volk. Hy het ook altyd gekeer dat die rebelle nie terugskiet nie. In die aande het hy self die godsdiensoefening van die kommando waargeneem. Een aand, toe hy weer beklemtoon het dat ons nie moet terugskiet nie, het luit. C. E. G. Schutte die genl. berispe en gesê dat hy sy rewolwer maar huis toe moet stuur.

Die regeringsmagte was op ons hakke. Onder bevel van genl. Frits Wolmarans, het ons die treinspoor by Kingswood oorgesteek, waar ons in 'n ligte geveg betrokke geraak het. Veldk. Van Aarde is daar gewond. Ons het afgesak Vaalrivier toe, waar ons by 'n klein winkeltjie voer vir ons perde gekry het. 'n Vreeslike haelstorm het ons hier oorval en omdat meeste geen jasse gehad het nie, tot op die vel natgeword. Al genade was om maar so te slaap en te loop totdat jy droog is of weer verder nat reën. Ons het vir die afgelope paar dae nie veel te ete gehad nie. By Vaalrivier het ek vir my broer Jan en myself die laaste bietjie meel gebruik om stormjaers op 'n veldvuurtjie te bak. Voordat dit gaar was, klap die koeëls van die regeringsmagte om ons, die stormjaers het net so daar bly staan en ons moes honger wegvlug.

Ons het die Vaalrivier deurgetrek en oorgesteek na Vetrivier, waar ons by 'n drif deurgegaan het waar die water redelik sterk geloop het. Met die hoop dat die Uniemagte ook daar sou deurkom, het ons 'n wag by die drif gelaat sodat die wag ons vroegtydig kon waarsku. Ons het dus maar met ons honger mae gaan slaap. Ons was doodmoeg.

Die volgende oggend het ek met rooidag opgestaan om ons vyf perde te gaan water gee.[6] Toe ek die laaste perd los span, klap die koeëls oor ons. Ons wag by die drif het by die regeringsmagte aangesluit en lg. het gedeeltelik deur die rivier getrek en ons byna omsingel. Toe dit lig genoeg was, het hulle begin skiet. Die gevolg was dat daar 'n hewige geveg ontstaan het.

Onder bevel van luit. C. E. G. Schutte, moes ons die magte wat reeds die drif deurgetrek het, terugskiet en het tot 'n groot mate daarin geslaag. Ek het luit. Schutte drie maal gewaarsku om nie sommer regop te staan en skiet nie. Hy het naderhand gehoor gegee en op een knie neergesak, maar wou nie soos ons plat val nie. Skielik het hy 'n doodskoot gekry en langs ons inmekaargesak. Ek het nog sy oë toegedruk en sy helm op sy gesig gesit. Daarop het ek sy jas en bandolier gevat maar toe ek wou pad gee, merk ek dat nog net my broer Jan vir my wag. Die res van die

6. Ons moes noodgedwonge die perde snags vasmaak, sodat hulle op enige oomblik beskikbaar kon wees.

manskappe was al weg, want die dood van ons geliefde Luitenant was vir almal te veel.[7]

Ek sê toe vir my broer Jan dat hy op sy perd moes spring en gee vir hom die toom van luit. Schutte se perd in die hand, met die waarskuwing om eers direk op die vyand af te jaag, dan sal hulle nie skiet nie. Daarop het ek op my perd gespring en agterna gejaag. Ek het hom verbygesteek en toe het ons omgeruk en skuins weggejaag. Honderde koeëls het om ons gegons, maar net een koeël het deur my jas gegaan sonder om my te raak. Ons het eers weer die aand by ons maats uitgekom, nl. by Frans Schutte, 'n broer van luit. Schutte; Koos Schutte, 'n neef; Jurie Snyman, 'n stiefbroer, en andere. So het ons dan die slag van Gruisdrift op 7 November 1914 aan die Vetrivier oorleef. 'n Groot gedeelte van ons kommando is daar gevang; ons karre en perde is merendeels gebuit en ons patrone was gedaan. Ons het egter 'n groot aantal van hulle perde daar doodgeskiet.[8]

Daarvandaan het ons in die rigting van Bloemfontein beweeg, en baie honger en dors gely.[9] Toe ons naby Bloemfontein kom, het kmdt. Kirstein besluit om die dorpie in te neem, ten einde kos en klere vir die manskappe te bekom. Ons was sestig vrywilligers, meestal jong seuns wat aangebied het om die stormloop te onderneem. Teen die aand het ons die kommando verlaat en in die nag die dorp genader. Toe ons die anderdagmôre die dorp van die eenkant af intrek, jaag die regeringstroepe aan die anderkant uit, sonder om 'n skoot weerstand te bied. Ons het kos en klere van die winkeliers gekommandeer en aan hulle kwitansies gegee sodat hulle later vergoeding kon eis. Waar ek op wag gestaan het, het 'n Engelse dame my kom smeek dat ons hulle tog nie moet doodmaak nie, want hulle het gehoor dat die rebelle al die Engelse en Engelsgesindes se kele afsny. Dieselfde middag is ons weer terug na ons kommando, waar ons hartlik verwelkom is. Op Saterdag 14 November het ons 'n klompie Unietroepe gevang, hulle ontwapen en hul perde gevat, maar hulle weer losgelaat. Op die 15de het genl. Conroy met sy kommando by ons aangesluit. Die kommando was toe ongeveer 1,500 man sterk en het onder die gesamentlike bevel van genls. Beyers en Conroy gestaan. Dié nag kon ons op Verhelslaagte rustig gaan slaap.

Toe dit Maandagmôre lig word, het die wêreld gedreun van die geweervuur; daar het eintlik 'n laag rook oor ons kommando gelê. Die regeringsmagte het ons daar verras en oorweldig. Ek het min skietgoed gehad, net 'n paar patrone wat ek nog uit wyle luit. Schutte en 'n gewonde

---

7. Luit. C. E. G. Schutte was 'n geliefde man, hy was 'n gebore leier. As elfjarige seuntjie het hy dwarsdeur die Engelse Oorlog met sy vader se beeste rondgeswerf om dit uit die vyand se hande te hou. Hy het dit ook reggekry! Skrywer en Lourens Rootman het luit. Schutte se stoflike oorskot in Augustus 1916 gaan opgrawe en dit, onder groot belangstelling, op sy plaas, Uitschot No. 8, Pk. Vermaas, herbegrawe.
8. Met die opgrawe van die stoflike oorskot van luit. Schutte, het skrywer 53 perdekopbene daar aangetref.
9. Piet van Vuuren moes vir ons laer skape van die boere koop en kwitansies aan hulle uitreik. Dit het ook moeilik gegaan om ons rondtrekkende laer altyd te vind ten einde van vleis voorsien te bly.

regeringsoldaat, ene Greenway, op Gruisdrift, se bandoliers geneem het. Die geweervuur was so erg dat ons verplig was om 'n pad oop te skiet en te perd uit te jaag. Saam met my was Frans Schutte, Jurie Snyman, my broer Jan Roets en Koos Schutte. Ek het 'n voltreffer deur die knie gekry, maar het nog vir vier uur lank aangehou met vlug, totdat ons die vyand afgeskud het.

Omdat ek te veel bloed verloor het, is ek by die bywoner op Viljoenshof, die plaas van die weduwee mev. Boshoff, agtergelaat. Die man het niks gedoen om my te versorg nie, ten spyte daarvan dat die twee Schuttes hom geld gegee het om dit te doen.

Die weduwee Boshoff het my die volgende dag met 'n kaalwa, met matrasse op die buik oopgegooi, na haar huis laat vervoer. Vir twaalf dae lank het sy en haar twee dogters my goed versorg.

Terwyl ek nog by mev. Boshoff was, het kapt. Neel Maartens van die verdedigingsmag van Lichtenburg, daar opgedaag. Ons het mekaar goed geken; hy was destyds stadsklerk op Lichtenburg. Hy het reëlings getref om my met 'n ambulanskar na Bultfontein te laat vervoer. Die kar, getrek deur ses blou muile, het vreeslik gestamp en net soos 'n trein, drie rakke aan elke kant gehad. Op Bultfontein is 'n ou skool as hospitaal ingerig. Altesaam was ons nege gewondes uit die slag van Verhelslaagte, nl. Jacobus Swart, wat in die knie gewond was en later daar aan bloedvergifting oorlede is; Jacobus Bester, wat in die longe gewond was en tog herstel het, ten spyte daarvan dat sy broer die wond moes toehou sodat hy ordentlik kon asemhaal; Karel Labuschagne, wie se regter beenpyp weggeskiet was, en van 'n stukkie van sy been 'n dwarsbalkie vir sy horlosieketting gemaak het; Jan Ronge, ook deur die longe geskiet; Jacobus Kukkuk, wat drie skote gekry het — een deur die longe, een deur die boud en een deur die been. Verder was daar Johannes Bosch, Frans Labuschagne en 'n Delport.

Vanaf 28 November 1914 tot 27 Januarie 1915 het ek in die Bultfonteinse hospitaal gebly. Dr. Tonkin was daar in bevel, terwyl twee mansverpleërs, Bezuidenhout en Swiegler, hom bygestaan het. Intussen het my moeder en my stiefbroer, Lourens Rootman, 'n permit van kmdt. Hennie Vermaas gekry om my te kom besoek. By Makwassie was die Vaalrivier egter so vol, dat hulle moes omdraai. Genl. Beyers het op 8 Desember 1914 in hierdie vol Vaalrivier sy dood gevind. Met Kersfees het ds. J. A. Pienaar van die N.G. Gemeente ons besoek en gesien dat ons hongerly. Hy en sy gesin het besluit om hulle aandete vir ons te bring, maar moes eers toestemming van dr. Tonkin verkry. Die ete het bestaan uit 'n groot skottel mieliepap, wat onbeskryflik heerlik gesmaak het.

Ons is toe met 'n muilwa na Brandfort vervoer en deur ds. J. A. Pienaar, met sy witjas, Willie en Hannes Boshoff, twee seuns van die weduwee Boshoff en haar skoonseun Jacobus Olivier vergesel.

Op Brandfortstasie het goedgesindes ons op koek en vrugte getrakteer. Een van die Griekse handelaars het 'n hele mandjie vol appels en piesangs aan ons gegee. Hiervandaan is ons per trein na Bloemfontein,

waar ons soos bandiete deur die strate moes voetslaan tronk toe. Op pad na die tronk is ons deur naturelle, kleurlinge en ander vyandiggesindes uitgejou, sodat Jacobus Bester naderhand vir ds. Pienaar gevra het om 'n Bybel aan hulle te wys. Dit het egter niks gehelp nie, en selfs die wagte het nie 'n vinger verroer om die bespotting teen te gaan nie. By die tronk is al ons koek en vrugte, ons rookgoed en ook ds. Pienaar se Bybel afgeneem. Die volgende dag moes ons weer te midde van 'n bespotting, stasie toe om die trein na Kimberley te haal.

Daar aangekom, moes ons weer voetslaan na die De Beers Convict Prison, 'n naturellekampong wat vir dié doel ingerig is. Op pad daarheen het my been egter so seer geword, dat ek nie verder kon marsjeer nie. Ek het gaan sit en moes per motor na die militêre hospitaal vervoer word, waar ek twee weke lank verpleeg is. Terug in die De Beers-Naturellekampong het ek my tussen die Vrystaatse offisiere bevind, o.a. genl. Bert Wessels, maj. Coetzee, maj. Froneman, kmdt. Hatting, kmdt. Prinsloo en kmdt. Barie du Plessis. Ek en kmdt. Gaaf Wolmarans was die enigste twee Transvalers in die afdeling.[10]

In my geval is die voorlopige verhoor waargeneem deur die Superintendent van die tronk, ene Patrick, 'n welopgevoede man.

Die enigste materiaal waarmee ons iets kon doen om ons besig te hou, was die leiklip in die agterplaas. Ons het dus begin om die leiklip uit te grawe, totdat ons toestemming gekry het dat 'n paar van ons met 'n kruiwa, leiklip van 'n nabygeleë rantjie kon aanry. Die kunstenaars onder ons het uit leiklip vir Patrick 'n pragtige kassie met 'n deksel, vir sy skeermes gemaak. Die swak kos en onhigiëniese toestand, het die rebelle opstandig gemaak. Gevolglik is daar op allerhande maniere weerwraak geneem en moeilikheid veroorsaak. Hierdie aspek van die saak is egter alreeds deur ander uitstekend geskets, sodat dit nie weer hier herhaal hoef te word nie.[11]

Stelselmatig is die Rebelle daar weggeneem om elders voor die hof te verskyn. Toe genl. Bert Wessels die dag Bloemfontein toe vertrek, het hy sy hoed afgehaal en ons gegroet met die woorde: „Heer waar dan heen!"

Op 20 Maart 1915 is ek per trein na die Sentrale Gevangenis in Pretoria oorgeplaas. Op Welverdiendstasie het my wagte geweier dat ek 'n telegram aan my moeder na Vermaas stuur. In die gevangenis het ek 'n hele paar Rustenburgers ontmoet, o.a. kmdt. Hennie Riekert, kmdt. N. J. R. Roets, Theunis du Plessis, Ignatius Vorster en selfs vir hoofveldk. Barend van der Berg, wat aan die begin van die rebellie my veldkornet was. Die dag na my aankoms is ek in die tronkhospitaal opgeneem vir behandeling aan my knie. Daar het ek genl. H. Müller ontmoet; hy was deur albei sy bene geskiet. Gedurende my verblyf in die tronk het ek nooit

10. Gaaf Wolmarans was 'n broer van genl. Fritz Wolmarans, onder wie se bevel ek vroeër geveg het.
11. Sien S. P. E. Boshoff se *Rebellieskets uit my Dagboek 1914-1915*, J. H. de Bussy 1918, hoofstuk IX, pp. 109-138.

van hulle kos geëet nie, want my twee tantes, mev. Wietse Lampen en mev. Tom Emett, het gereeld vir my kos na die tronk en die tronkhospitaal gebring.[12] Die polisiesersant wat my van die stasie na die tronk begelei het, ene Bezuidenhout, het my familie laat weet dat ek op Pretoria in die tronk is vir my verhoor.

Drie dae nadat ek uit die hospitaal gekom het, is ek met 'n vangwa na die hof geneëm. Dié het bevind dat ek gerebelleer het terwyl ek onmondig was. Ek is dus oorgeplaas na die kinderhof om deur die Provoos-geweldiger (Provost Marshal) verhoor te word. Ek het eers op Januarie 1915 mondig geword en is alreeds op 16 November 1914 gewond en op 28 November gevang.

Die Provoos het my 'n skrobbering gegee en verklaar dat dit net deur die jammerhartigheid van genl. Botha is dat ons nie almal doodgeskiet word nie. Hy het my onder plaasarres na Uitschot teruggestuur, alwaar ek vir ses maande tussen die vier bakens moes bly, of andersins moes ek 'n pas kry van kmdt. Fanie Labuschagne, wat vir kmdt. Wolmarans opgevolg het.[13] Elke Saterdag moes ek my by die magistraat op Lichtenburg gaan aanmeld. Tot vandag toe is die parool nooit afgeneem nie; dit het seker na ses maande verstryk en geen verdere formaliteite was nodig nie.

Die Provoos wou aanvanklik nie my treinkaartjie terug Lichtenburg toe betaal nie, hy wou hê my familie moes die kaartjie voorsien. Hy het verklaar dat my Oupa Jan Heijstek, gewillig was om £500 (R1,000) borg te gee om my uit die tronk te kry.

Toe ek uit die Kinderhof weer op vrye voet kom, het een van die goedgesinde toeskouers dadelik vir my 'n huurrytuig bestel wat my na my tante, mev. Wietse Lampen, in Sunnyside geneem het. Wat was hulle verbaas om my te sien, almal het verwag dat ek tenminste ses maande tronkstraf sou kry. Daardie aand het my moeder en stiefvader onverwags per trein in Pretoria aangekom sonder dat hulle daarvan bewus was dat ek reeds by mev. Lampen tuis was.

Dr. N. A. Coetzee.

12. Hulle was my moeder se susters, almal dogters van Landdros Jan Heijstek.
13. Kommandant Fanie Labuschagne lewe vandag nog, hy is reeds oor die negentig jaar. Hy woon op Mafeking. Hy is een van die weinige boere wat sy nek gebreek en dit oorleef het.

*Geslagsregister van Verteller.*

1. *Nicolaas Roets,* van Hessen, Darmstadt, Duitsland. Geh. 4 Maart 1759 Jacoba Elizabeth Lubbe. *Stamvader, in Suid-Afrika aangekom* 1750. Oorlede 1796 aan die Sneeuberge.

1. *Joost Heijstek,* van Giessen, Noord Brabant, Holland. Geh. Jannigüe van der Beek.

2. *Hendrik Adriaan Roets*, geb. 23 Feb. 1769. Burger te Graaff-Reinet. Geh. 7 Maart 1790 met Aletta Elizabeth Viljoen.

3. *Johannes Nicolaas Rudolph Roets*, ged. 6 Okt. 1793. Geh. Johanna Hendrika Venter.

4. *Nicolaas Johannes Rudolph Roets*, geb. 1830, oorl. Aug. 1912 te Buffelskloof, Rustenburg. Geh. Elsje Fransina du Plessis, oorl. 1870 te Swartkop, Rustenburg. Volgens oorlewering, die eerste blanke wat die Simbabwe-ruïnes ontdek het.

5. *Pieter Gert Wessel Roets*, geb. 4 Okt. 1864, gesneuwel 27 Maart 1902 op Brakspruit, Lichtenburg, begrawe Rooiwal, Lichtenburg.

2. *Jan Heijstek*, geb. 7 Jan. 1816. In 1862 met seilskip „Willem Hendrik" *na Suid-Afrika verhuis*. Oorl. 16 Maart 1879. Geh. Johanna Elizabeth Rooza, geb. 26 Sept. 1826, oorlede op skip 1862.

3. *Jan Heijstek*, geb. 21 Nov. 1948, in Giessen, Holland. Oorl. 24 Feb. 1932, te Rustenburg, Tvl. Landdros van Pietersburg 1898-1901. Geh. Anna Maria Erasmus, geb. 23 Aug. 1853, oorl. te Pretoria op 31 Jan. 1902.

4. Helena Catharina Heijstek, geb. 27 Jan. 1870, geh. 4 Okt. 1885 te Rustenburg. Oorl. 15 Feb. 1956 te Blinkwater, Rustenburg. Geh. 10 Julie 1903 met Abraham Petrus Rootman, van Uitschot, Pk. Vermaas.

*Pieter Gert Wessel Roets*, geb. 9 Jan. 1894, gevange geneem saam met moeder 1900 op Wysfontein, Rustenburg, deur Baden Powell. In konsentrasiekamp op Mafeking tot Mei 1902. Geh. 10 Sept. 1918 met Susanna Philippina Helena Theron, geb. 7 Jan. 1895, oorl. 6 Nov. 1957 te Blinkwater, Rustenburg. Gehuud Anna Sophia Elisabeth Erasmus, op 22 Maart 1958. Woonagtig agtereenvolgens op Uitschot, Lichtenburg; Klipfontein, Pk. Heijstekrand, Rustenburg; Blinkwater, Pk. Sentrum, Rustenburg. Tans woonagtig te Pretoria.

(Indien daar nog 'n Roets-geslag tussen 3 en 4 geleef het, sal skrywer dankbaar wees om die gegewens te ontvang. Adres: Julius Jeppestraat 72, Waterkloof, Pretoria).